

SONDAG: 13

VRAAG EN ANTWOORD: 34

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waarom noem jy Hom ons Here?			
<p>Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het</p>	Johannes 20:28	En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!	En Tomas sê vir Hom: "My Here en my God!"
	1 Korintiërs 6:20	Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.	julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.
	1 Korintiërs 7:23	Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie.	Julle is vrygekoop en die prys is betaal; moet dan nie slawe van mense wees nie.
	1 Timoteus 2:6	wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd,	wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.
	1 Petrus 1:18-19	omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos	Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Intendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.
	1 Petrus 2:9	Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig,	Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.